

## Duitsland neem die voortou

Wêreldwye ekonomiese nuus: September 2010

Deur Kevin Lings en Laura Jones, STANLIB

Hoewel wêreldwye ekonomiese aanwysers slegs matige groei vir die tweede helfte van 2010 voorsien, is die Duitse ekonomie sterker as wat verwag is.

### Matige groei in tweede helfte van 2010

Wêreldwye ekonomiese aanwysers voorsien slegs matige groei vir die tweede helfte van 2010. Die huidige vertraging in ekonomiese aktiwiteit is deels 'n reaksie op die Europese soewereine kredietkrisis in die tweede kwartaal van die jaar. Die krisis het in baie ekonomieë tot meer knellende finansiële toestande en 'n skerp verswakking van die Euro gelei, asook toenemende onsekerheid oor die volhoubaarheid van wêreldwye ekonomiese groei.

### Duitsland aan spits van groei in Europa

Ironies genoeg het Europa eintlik, terwyl Amerika en Japan onder druk was, in die tweede kwartaal vinniger gegroei as wat verwag is, met Duitsland vooraan en met behulp van die swakker Euro. Die Duitse BBP het kwartaal-op-kwartaal met 'n verstommende 2.2% gegroei (k/k) (nie-verjaarlik), wat jaar-op-jaar 'n massiewe 9.0% verteenwoordig. Die mark het 'n groei van 1.3% k/k (+5.5% k/k, verjaarlik) verwag. Dit is die vinnigste groei wat die land in minstens twee dekades beleef het (beslis sedert hereniging in 1991), en dit het eintlik die groei in China oor dieselfde tydperk oortref ('n baie skaflike 7.2%, verjaarlik).

Die Euro-streek se BBP het in die tweede kwartaal van 2010 met 1.0% k/k (nie-verjaarlik) gegroei, wat beter was as die markverwagtinge vir 'n groeikoers van 0.7% k/k. Duitsland beslaan sowat 25% van die Euro-streek, hoewel dit gedurende die tweede kwartaal van 2010 sowat 65% van die streek se groei bygedra het.

Hierdie beter-as-verwagte ekonomiese vertoning was grootliks te danke aan 'n verbetering in netto handel (uitvoere), inventarisse en, in mindere mate, kapitaalbesteding.

Die vinnige groei in Duitsland het die groei-veranderlike oor die Euro-streek beklemtoon, met Griekeland wat teen -1.5% k/k steeds in 'n kwaai resessie is en Spanje wat teen 0.2% k/k skaars groei. In Oostenryk en Holland was die groei goed, terwyl dit in Frankryk bevredigend was, maar swak in Italië en Portugal. Hierdie groei-veranderlike sal waarskynlik kommer oor voortslepende tussenstreekse spanning aanwakker.

### Maar: is die Duitse groei volhoubaar?

Nog 'n belangrike kwessie is hoe volhoubaar die Duitse 2010-oplewing in die tweede kwartaal sal wees en of dit die res van die streek 'n hupstoot kan gee. Die sterk groei is deels te danke aan Duitse uitvoere en die voordeel van 'n swakker Euro, hoewel die Euro sedertdien relatief tot die Dollar versterk het, met die gevolg

dat hierdie voordeel verwater het. Boonop is Duitse binnelandse bedrywigheid onder druk vanweë die regering se terugsnyding op besteding, hoewel onlangse indiensneming- en verbruiksyfers redelik bemoedigend is.

In die algemeen impliseer die jongste skattings vir BBP-groeikoerse in 2010 dat die Euro-streek, en veral Duitsland s'n, in die komende paar weke waarskynlik opwaarts hersien sal word. Ondanks die waarskynlikheid van opwaartse hersienings, verwag ons steeds in Europa 'n sagter tweede helfte van die jaar vergeleke met die eerste helfte, veral as daar geen opwaartse momentum in indiensneming is nie.

### Werkloosheid is 'n wêreldwye uitdaging

Om werkloosheid die hoof te bied, het 'n wêreldwye uitdaging geword. In baie ontwikkelde lande duur hoë vlakke van werkloosheid voort en is daar ernstige kommer dat tydelike werkloosheid in 'n ernstige langtermyn probleem kan omtaard.

'n Vraag wat gedebatteer word, is of werkloosheid bloot die gevolg van sikliese werkloosheid vanweë ekonomiese veranderinge is, in welke geval 'n ingryping van regeringskant in sekere mate sou kon help, en of die probleem deur 'n strukturele verandering in die ekonomieë veroorsaak word wat tot langtermyn werkloosheidskwessies sal lei. Dit staan bekend as strukturele werkloosheid en daar is nie veel wat regerings in die kort termyn kan doen om die probleem op te los nie. Dit kan help as die welstand van die banksektor en die verskaffing van krediet aan betrekking-intensiewe sektore herstel word.

### Wêreldwye vraag moet herbalanseer word om groei in stand te hou

Kyk 'n mens verder vooruit, is die wêreld se vermoë om groei oor die medium termyn vol te hou, afhanklik van die herbalansering van die wêreldwye aanvraag. Dit beteken dat ekonomieë wat voor die krisis buitensporige eksterne tekorte gehad het, sal moet voortgaan om hul openbare finansies te konsolideer op maniere wat skade aan groei en aanvraag beperk.

Ekonomieë wat buitensporige tjekrekening-surplusse bedryf het, sal moet sorg dat die binnelandse aanvraag soveel as moontlik toeneem, ten einde groei in stand te hou, aangesien ekonomieë met buitensporige agterstande neig om af te skaal op aanvraag. Herbalansering sal deur hervorming van die finansiële sektor ondersteun moet word, asook deur beleidsrigtings wat groei bevorder in sowel surplus- as tekort-ekonomieë.

*“Die Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensteverkaffer in terme van die FAID-wet (Lisensie no. 2409). Die inligting wat in hierdie kommunikasie vervat is, insluitend die aanhangsels, moet nie as advies beskou word nie, in terme van die Finansiële Advies- en Intermediêre Dienstewet van 2002 (“FAID”), aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty is, nóg 'n gelisensieerde finansiële diensteverkaffer soos in die FAID uiteengesit. Raadpleeg asseblief jou finansiële adviseur indien jy advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*